

# VILLA BULLETIN 17

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainville Aftree-oord/Retirement Village*

*Nr 17 Mei 2021*

## **Van die Voorsitter se lessenaar**

Ek is elke dag dankbaar dat ons in so 'n mooi Oord soos Bougainville kan woon.

Ons dienste funksioneer goed, maar die grootste inset kom van ons inwoners.

Daar is goeie samewerking van almal, veral met die klem op die Covid-situasie.

Die hoofdoelwit met die Covid-bestuursproses is om die veiligheid van ons inwoners te verseker. Ons weet dit skep irritasies en dalk soms ongerief, maar die resultate wat ons tot dusver behaal het, spreek vanself.

Ons inwoners toon groot verantwoordelikheid, nie slegs teenoor hulself nie maar ook teenoor hulle mede-inwoners. Mense isoleer hulself sodra hul uitvind hul was in kontak met persone wat vermoedelik of selfs positief Covid-risiko's is. Ons kan julle nie genoeg bedank daarvoor nie.

Onthou asb Covid is nie weg nie en ons gaan nog lank daarmee opgeskeep sit. Weens ons ouderdom is dit 'n gevaarlike siekte. Die 4 reëls: masker, beperkte interaksie, handewas en sanitering is baie belangrik, maar ek wil daar byvoeg dat julle winkels en plekke waar baie mense is, slegs besoek indien nodig.

Ons het verskeie projekte in die pyplyn wat elders in hierdie Bulletin aangespreek word.

*Johan Coetzee, voorsitter van die Raad  
van Direkteure: HEV*

## **Projek om stoepe toe te maak**

Een van ons projekte wat die vorige finansiële jaar uitgestel moes word agv die Covid-pandemie, was om die stoepe, wat aan die suidekant van woonstelblok "A" is, toe te maak.

Die groot dryfveer hieragter is dat hierdie stoepe die dakke vir die Sorgeneheid en ander areas is, en die dakke lek as dit reën. Om dit te seël was nie suksesvol nie.

Die voordele verbonde hieraan is dat dit groot oop areas in vertrekke verander wat ons wil benut as onspanningsareas vir die inwoners. Die detail hiervan sal nog uitgeklaar word.

Die stoep aan die suidekant van die Wassery is deel van hierdie beplanning, met die doel om die wassery uit te brei.

Verdere beplanning word gedoen om 'n Braai-area onderdak te skep aan die oostekant van die "Perk Up cafeteria" waar die huidige braaiplekke is.

Die argitekte het reeds die planne geteken, en op hierdie tydstip werk ons dit deur.

Die vraag is nou wanneer begin ons hiermee? Ons sal beslis nie alles op een slag kan doen nie, dus sal dit in fases wees soos fondse beskikbaar is.

Ons is opgewonde oor hierdie projek, en sal julle op hoogte hou van vordering.

## **Ontspanningsgeleenthere**

Covid het ons ontnem van baie van ons vryhede soos saam-eet in die eetsaal, musiekaande, ens.

Die beste wat ons nou kan aanbied, binne die beperkings van die Covid-regulasies, is die Markdae.

Susan van Zyl is die persoon aan die stuur van die reëlings en sy bied tans 2 tipes markdae per maand aan.

Daar is elke Dinsdag 'n mark wat hoofsaaklik groente en vrugte aanbied, alhoewel daar ook 'n paar ander stalletjies is.

Eenmaal 'n maand is daar die groot mark waar daar eetgoed, klere, juwele en vele ander dinge te koop is.

Hierdie is ideale geleenthere om te kom ontspan en saam met ons mede-inwoners te kuier

Ons het ook rolbal elke Vrydag in die parkie aan die noordoostekant van die oord. Die vader van die rolbal is Direkteur Jan Buter. Kom speel saam, dalk is jy die kampioenspeler!

## **Lopende Instandhouding**

Die kontrakwerkers sal weer op Maandag 17 Mei voortgaan met die lopende instandhouding soos die vasheg van "Barge" borde en die verf daarvan

Eenhede 1 tot 19 en 52 tot 56 se borde is vasgeheg met skroewe en wassers en ook geverf. Die regte kleurskakering verf moet nog gedoen word om hierdie eenhede heeltemaal af te handel.

Al die eenhede se "picket Fences" is oorgeverf en die span begin Maandag om beskadigde plankies te vervang en te verf.

Die verf van strepe op die paaie is reeds afgehandel by blok 1 en 2, en ons is besig met blok 3 tot by die singel. Daarna sal daar begin word met blok 4. Sodra dit afgehandel is, sal ons begin met die strepe by die parkeerareas en die strepe om die woonstelblokke.

Die buiteligte by die woonstelle is vervang met nuwe kragbesparende ligte. Daar is nog enkele uitstaande wat aandag geniet

Plaveistene is bestel en vervanging sal begin sodra dit afgelewer word. Die benadering bly soos voorheen: Ons doen eers die risiko-areas, dan sal die res aandag kry.

Ons het die eienaars versoek om hulle afdakke by die huise te verf, anders sal ons dit verf maar vir hulle rekening. Dankie aan die eienaars wat dit wel gedoen het. 70 eienaars het nog nie gereageer nie. Help asb, ons wil graag die projek afhandel.

## **TV-sein probleem by die Woonstelle**

Die afgelope maande was daar verskeie onderbrekings in die verskaffing van 'n TV-sein na die woonstelle.

Alhoewel kontrakteurs gepoog het om dit te herstel, was dit net gedeeltelik suksesvol.

Ons het uiteindelik die ontwikkelaar se kontrakteur versoek om te kom help en dit was duidelik dat die distribusietoerusting te verouderd is om 'n goeie en betroubare sein te verskaf.

Woonstelblok A het op hierdie tydstip min of geen sein nie, en daar is besluit om die stelsel op te gradeer na 'n vlak waar dit ook nuwe tegnologie-dekodeerders kan hanteer. Beskikbaarheid van onderdele was problematies, maar daar is uiteindelik onderdele vanaf Kaapstad bestel. Verwagte aflewering 13 Mei.

Blok A sal dan eerste opgradeer word aangesien blokke B,C en D nog redelik werk.

Opgradering behoort sowat 2 dae te neem. Die verwagting is dat blok A dan vanaf volgende week 'n

stabiele sein sal hë.

### **Sluiting van Enkeldoornstraat**

Ons het die volgende berig van Tshwane Metro ontvang (geplaas soos ontvang)

“Send on 12/05/2021.

Road closure of Enkeldoorn Straat Montana Gardens

NB Enkeldoorn Straat will be closed from 6/05/2021 to 30/06/2021.

Road closure between Bougainvillea str and Robinson str Montana Garden

Why is the road closed? For the upgrade of the intersection and part of 3rd Montana Gardens

Community was informed on WhatsApp group of Ward 5.

Authorized by CoT Roads department with Road contractor for the developer”.

### **Noodwatervoorraad**

Watervoorsiening in Tswane (groter Gauteng-area) is onder druk vanweë infrastruktuur wat verouder is en boonop nie uitgebrei is om tred te hou met die bevolkingsaanwas en uitbreidings nie.

Daar word verwag dat beurtwater en of wateronderbrekings moontlik in die toekoms deel van ons lewe kan word.

Die bestuur het navrae begin doen oor die moontlikheid van noodwatervoorsiening op die oord. Rowwe ramings is verkry vir die oprigting van 100 000 liter tenks wat aan watervoorsiening gekoppel kan word.

Saam met pompe en elektriese konneksies lyk dit of dit minstens R1,5miljoen sal kos. Die normale daaglikse verbruik is ongeveer 140 000 liter in ons oord as dit gereën het. (maksimum tydens droë tye 220 000 liter)

Met drukbeheer en streng beperkings sou dit ons hoogstens drie dae met moeite kan deursien. (slegs koffie en Toilet)

Daar word tans navrae gedoen oor die moontlikheid van boorgate saam met filters en opgaartenks as 'n ander moontlikheid. Nog geen kosteberamings is hiervoor ontvang nie, word tans opgevolg. Geen besluite is nog hieroor geneem nie, maar ons wil nie onverhoeds gevang word nie, ons ore is op die grond en ons beplanning begrotingsgewys sal in plek moet wees.

### **Sonpanele op die woonstelle se dakke**

Ons het 'n aanvanklike voorlegging ontvang (ongeveer September 2020) wat baie belowend gelyk het vir 'n groot besparing op die oord se elektrisiteitsrekening.

Die bestuur het toe 'n resoluie opgestel om lede se beginselgoedkeuring te verkry en dit op 'n rondomtaliebasis voorgelê. Ons lede het die goedkeuring verleen.

Daarna het die bestuur verdere voorleggings aangevra. Ses maatskappye het voorleggings gegee. Die voorlegging van “TheSunexchange” was duidelik die een wat die grootste besparing vir ons sou gee.

Die besparing sal minstens R350 000 (drie honderd en vyftig duisend rand) wees in die eerste vol jaar en behoort die daaropvolgende jare te vergroot, maar sal nie minder wees nie. Die besparing sal gelyk wees aan die verskil tussen Tshwane se tarief en “The Sunexchange” se tarief vir die hoeveelheid KW/u gelewer.

'n Verdere voordeel is dat ons met hierdie projek tot 9000 ton CO2 per jaar minder in die atmosfeer sal uitstoot.

Die kontrak is vir 20 jaar, alle wetlike vereistes en risiko's is in detail met ons regsverteenvoerders deurgegaan.

Dis met vrymoedigheid dat ons ons lede (net omdat dit so 'n lang termyn is) weer vra vir 'n spesifieke goedkeuring vir die bestuur se keuse om voort te gaan met "The Sunexchange". Die effek sal wees dat toekomstige stygings in elektriese tariewe deels vergoed sal word uit hierdie besparings. Die Oprigting, installasie, onderhoud en versekering word deur "The Sunexchange" betaal en gedoen.

### **Balkonne by woonstelle**

Ons wil inwoners net weer daarop wys dat dit baie ernstige gevolge kan hê as daar op die mure van die balkonne allerlei ornamente, blompotte en dergelike items geplaas word.

'n Harde rukwind of 'n persoon wat skielik omdraai en met sy/haar elmboog so 'n item omstamp, sou mense ondertoe ernstig kan beseer.

Die aanspreeklikheid sou u finansiële kan ruïneer.

### **Waterbeperkings m.i.v. 7 MEI 2021**

#### 1. Munisipale beperkings tans van toepassing.

- a) Geen tuinslang of besproeiingstelsel mag gebruik word tussen 06:00 en 18:00 nie.
- b) Voertuie mag glad nie te eniger tyd met tuinslange of hoëdruktoestelle gewas word nie.
- c) Swembaddens mag nie hervul word nie.

#### 2. Bougainvilla spesifieke beperkings

Beperkings soos per munisipale regulasies hierbo uiteengesit

- a) Geen afspraak van plaveisels met tuinslange nie.
- b) GEEN water mag in strate afloop a.g.v. van besproeiing of tuin natmaak nie.

#### 3. Toepassing van die regulasies

- a) Regulasies sal deur die HEV toegepas word en daar sal streng opgetree word teen oortreders.
- b) Tussen 16:00 en 09:00 sal die HEV NIE namens die munisipaliteit die regulasies oor die natmaak van tuine polisieer NIE.
- c) Die HEV sal egter geen verantwoordelikheid neem indien munisipale amptenare inspeksie doen en boetes sou uitreik nie. Elke inwoner is verantwoordelik vir sy eie daad.

#### 4. Ons doen 'n beroep op al ons inwoners om die waterbeperkings ernstig op te neem en in hierdie verband u volle samewerking te gee.